
# Gebedsbrief

# Die Lang en Moeilike Pad van Ongeloof



## Geloof is om absoluut op die Woord en die beloftes van God te staan en daaruit te handel al lyk dit nie reg nie.

In Deuteronomium 1 lees ons hoe Moses die Israeliete toegespreek het in die woestynvlakte oos van die Jordaan. Dit was nou die veertigste jaar na die uittog uit Egipte. Hulle staan op die drumpel van dit waarheen hulle uitgesien het. Sihon en Og is reeds verslaan deur die volk. Moses herinner hulle aan wat gebeur het toe hulle by Horeb was en God die opdrag gegee het om nou te trek. Hy wil voorkom dat hulle weer in ongeloof verval en hy herinner hulle aan die vorige keer.

**Dit sal ons baat om onsself aan die verlede te herinner dat ons nie in ongeloof verval nie.**

Die Here het die opdrag gegee dat hulle moet kamp afbreek en die Bergwêreld van die Amoriete intrek. God sê vir hulle dat Hy die land tot hulle beskikking stel. Hulle moet slegs intrek en dit in besit neem. Dis reeds hulle s'n. "Ek, die Here, het met 'n eed beloof om dit aan julle voorvaders Abraham, Isak en Jakob te gee en aan hulle nageslag; daarom: **Moenie bang wees nie, moenie huiwer nie".**

Die woord van die Here was nie genoeg nie - hulle wou sien. Hulle vra toe dat manne voor hulle uitgestuur moet word wat die land vir hulle kan verken en hulle kom inlig oor die pad wat hulle moet vat en oor die stede waarheen hulle op pad is. Moses dink ook dis 'n goeie plan en hy het twaalf man uit die volk gekies, een uit elke stam. Hulle het die Bergwêreld ingegaan en by die Eskolvallei gekom en dit verken. Hulle het van die vrugte van die land na die volk toe gebring en vir hulle kom sê: Die Here ons God gee ons 'n goeie land.

Moses herinner hulle daaraan dat hulle nie wou optrek nie. Hulle het hulle verset teen die opdrag van die Here hulle God. Hulle het in hulle tente bly sit en mor, en gesê: Omdat die Here ons haat, het Hy ons uit Egipte laat trek om ons aan die Amoriete oor te gee sodat hulle ons kan uitroei. Waarheen kan ons nou gaan? Ons broers het ons **moed gebreek** toe hulle gesê het: Daar woon 'n volk wat groter en sterker is as ons. Hulle het groot stede en sterk, hoë vestings. Ons het ook die Enakiete, die reuse, daar gesien.

Toe het hy vir hulle gesê: "Moenie bang wees nie, moenie vir hulle skrik nie. Die Here julle God gaan voor julle uit en Hy sal vir julle veg net soos Hy in Egipte voor julle eie oë alles vir julle gedoen het. Julle het in die woestyn ondervind hoe die Here julle God julle die hele pad waarlangs julle tot



Posbus 395 Evander 2280 Tydelike Nommer: 083 992 4448 adullamaca@secunda.co.za

# Pad van Ongeloof

## VERVOLG

hier toe gekom het, gedra het soos 'n man sy seun dra.' Maar tog het julle nie julle vertroue gestel in die Here julle God wat op die pad voor julle vooruit gegaan het om kampplekke vir julle uit te soek nie. Snags het Hy vir julle die pad met vuur aangewys en bedags met 'n wolkkolom."

Toe die Here hoor wat julle sê, het sy toorn ontvlam en het Hy 'n eed afgelê: 'Nie een van hierdie slegte geslag sal die goeie land sien wat Ek, die Here, hulle voorvaders met 'n eed beloof het om aan hulle te gee nie. Net Kaleb, seun van Jefunne, sal die land sien, en aan hom en sy nageslag sal Ek die grond gee waarop hy geloop het, want hy het die Here getrou gevolg.'

Die ongeloof in die lewe van die volk, alhoewel hulle herinner was aan wie God die land beloof het, aan hoe Hy hulle veilig gelei het en die pad gewys het, het hulle in ongeloof net vas gekyk teen die hoë mure en die groot vyande. Hulle oog was daar en nie op hulle groot God wat elke woord waar maak nie. Val ons nie dalk in dieselfde slaggat nie? Ons oë is gevestig op die vyande en die omstandighede en nie op die Here, die Almagtige nie.

Toe die volk die straf van God hoor, het hulle uitgeroep: 'Ons het teen die Here gesondig! Ons wil optrek en gaan veg soos die Here ons God ons beveel het.' Hulle het hulle wapens gegryp en gedink dis kinderspeletjies om die Bergwêreld te gaan verower. Maar die Here het vir Moses gesê om vir hulle te sê hulle moenie nou meer optrek om te gaan oorlog maak nie, want die Here is nie by hulle nie, hulle sal nie hulle vyande verslaan nie.

Moses het dit vir hulle gesê, maar hulle het nie geluister nie en in opstand gekom teen die opdrag van die Here. Hulle was moedswillig en het na die Bergwêreld toe getrek, maar die Amoriete wat in daardie gebied woon, het teen hulle opgeruk en hulle verjaag soos 'n swerm bye dit sou doen en hulle van Seïr af tot by Gorma uitmekaar gejaag. Toe het dit hulle berou dat hulle dit gedoen het en hulle het hulle nood by die Here kom kla, maar Hy het nie na hulle geluister nie en Hom nie aan hulle gesteur nie.

Hulle ongeloof maak dat hulle nie gehoorsaam wil wees nie. Toe wou hulle doen wat die Here sê, maar dit was nie meer die tyd daarvoor nie. Hulle word verslaan deur die vyand.

**Ons word baie keer verslaan omdat ons later wil doen wat die Here gesê het. Indien ons ongehoorsaam was, moet ons nie net sommer weer wil handel nie. Daar moet eers berou en belydenis wees en dan moet opnuut geluister word na wat die Here wil hê.**

Hulle ongeloof veroorsaak dat hulle veertig jaar langer vat om te kom waar hulle nou is.

Hoeveel langer vat God nie om die beloofde land vir ons te gee nie, net bloot vanweë ons ongeloof?

Waar is jou geloof? Staan en handel jy nog met jou hele hart net op grond van Sy Woord?

Mag die Here u seën in die werk wat u doen.

**Ds Japie Malan**

# NA 15 JAAR:

## BRIEWE VAN CHRISTUS (2 Korintiërs 3:3)

**Die Mitchell-gesin
was een van die eerste gesinne wat hulle in 1993 op Adullam Sending kom vestig het.**

**Na vyftien jaar van harde werk, opbou en toewyding in al die areas van Sendingwerk op Adullam, het hulle besluit om saam met hulle kinders na New Zeeland te emigreer.**

Vyftien jaar is ’n lang pad se stap.

Met die terugkyk kan hierdie gesin getuig hoe die Heer se genadewerk en Hand oor die afgelope paar jaar heen, in elke projek sigbaar was - hoe die onmoontlike gerealiseer het. (Matt 19:26)

Ook dat die Heer steeds elke projek onderhou en voor(uit)gaan en steeds in Sy Vaderlike wysheid en getrouheid gebede verhoor.

Ons is ons Hemelse Vader baie dankbaar vir die jare van toewyding van hierdie kosbare gesin en bid Sy seën toe op hulle pad verder.

Mag hulle daar waar hulle hulself gaan vestig, ware getuies wees - briewe van Christus!



**<u>FOTO BO</u>**
**Die Mitchell-gesin**
**Dave, Petro en Sophia Mitchell**

Ons gaan hulle
ORAL
op die Sending
mis!

**Dit is tog duidelik dat julle ’n brief van Christus is, deur ons diens geskrywe, nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God, nie op klip nie, maar op die harte van mense.**
**2 Korintiërs 3:3**

# GEESTELIKE OPLEIDING:

## DIEP IN DIE DODERYK HET EK HULP GEVRA, EN U , HERE, HET MY GEHOOR (Jona 2:2)

**Die naam Adullam beteken "Plek van Rus".**

**In 2 Sam 22:1-3 lees ons hoe Dawid vir Saul weggekruip het in 'n grot met die naam "Adullam". Terwyl hy vir Saul weggekruip het, het baie wat in nood verkeer, na Dawid gekom, waar hy hulle dan opgelei het om soldate vir GOD te wees.**

**Dit is ons visie vir Adullam: om die wat in nood verkeer, as soldate vir GOD op te lei.**

Individue kom na Adullam Sending vanuit uiteenlopende agtergronde en uit verskillende hartsmotiverings.

Party soek tydelike blyplek of skuiling teen die elemente van buite. Ander soek werk. Soms kom hulle uit blote nuuskierigheid of net om deur kritiek onmin en verdeeldheid te saai.

En soms ... kom hulle soekend. Gedryf deur 'n dringendheid wat deur die leiding van die Heilige Gees, geïdentifiseer word as 'n begeerte om hulle lewens met die Heer Jesus reg te maak.

Wanneer 'n persoon vir geestelike hulp opdaag, is dit die begin van 'n geweldige stryd om met die ou lewe te breek en die nuwe lewe met albei hande aan te gryp.

Bid asseblief dat elkeen wat tot insig in die Waarheid gekom het, sal volhard en die wedloop enduit sal hardloop.

Bid ook dat die Heer vir ons genadig sal wees sodat elke persoon wat deur ons hekke aankom, nie onaangeraak sal uitstap nie!

Dat hulle die Waarheid sal erken en dat die Waarheid hulle sal vrymaak **Johannes 8:32**

En julle sal die waarheid ken,
en die waarheid sal julle vrymaak.
Johannes 8:32

# GEESTELIKE OPLEIDING:

## U ONDERRIG IN U WOORD (Psalm 94:12)

### ‘n Honger na kennis van die Woord van God bly groei.

Ons het saans vier-weekliks drie Bybelopleidingsklasse waar volwassenes in die kennis van die Woord opgelei word.

Dominee Malan het twee voltydse klasse: een van twaalf studente (Timoteus Opleding) en een van sewe studente (VERITAS opleiding). Thomas Dhlamini het ses studente wat deeltyds in die Timoteus Opleidingskursus klas draf.

Die Here seën die studente met ‘n ywer vir die Woord en vir Sy Opdrag om jou kruis op te neem en die pad enduit te stap.

Ons loof die Heer Jesus vir die drie Bybelstudente wat beurtelings aanddienste op Adullam lei. Een van hierdie studente vorm ook deel van die span wat weekliks uitreike onder skole in Embalenhle doen.

Dit gaan goed met die mens wat deur U opgevoed word, Here, vir wie U onderrig in U woord

Psalm 94:12

Die Heer het ook onlangs in die harte van twaalf persone die behoefte na lering in God se Woord geplaas.

Ons dank God dan ook gedurig daarvoor dat julle die boodskap van God wat julle van ons gehoor het, ontvang en aangeneem het in die oortuiging dat dit nie mensewoorde is nie, maar die woord van GOD. En dit is ook inderdaad die woord van God, soos die uitwerking daarvan op julle wat glo, bewys.

1 Tessalonisense 2:13

Alle eer aan ons Hemelse Vader dat Bybelopleiding onder leiding van Thomas Dhlamini, nou ook weekliks in Leslie aangebied word!

Bid asseblief dat die ywer van elke student (insluitende ons vorige studente), vir die Here Jesus sal bly brand.

Bid vir die Heer se genade sodat elke student en elke leermeester soos Paulus sal kan sê:

**“Ons verkondig nie onsself nie, maar Jesus Christus as die Here, en onsself as julle dienaars ter wille van Jesus” .**

**2 Korintiërs 4:5**

# GEESTELIKE OPLEIDING:

## NIKS VERSKAF MY GROTER VREUGDE NIE AS OM TE HOOR DAT MY KINDERS IN DIE WAARHEID LEWE (3 Johannes 1:4)

**Volwassenes met hulle hand stewig in die Leermeester se hand, kan klein kleuterhand-jies standvastig begelei.**

Adullam Christian Academy bied twee keer per jaar kleuterskool en graad nul-opleiding aan, vir volwasse vroue wat beide 'n hart vir kindertjies het en wat hulle graag van die Here wil leer. Die voorvereiste vir kleuterskool-opleding, behels twee weke van Geestelike begeleiding. Voor Adullam 'n persoon kan uitstuur om 'n kleuterskool te behartig, moet die persoon se lewe van 'n lewende verhouding met Jesus Christus getuig-

*'n juffrou moet self 'n pad met die Here loop voor sy kinderhartjies op dieselfde pad kan begelei.*

Beide kleuterskool en graad nul-opleidings-materiaal is op die Skrif gebaseer. Die kleuterskool volg die Step-by-Step® en die graad 0 die BLESS® kurrikulum.

In daardie tyd het Jesus gespreek en gesê: Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en ver-standige mense en dit aan kin-dertjies geopenbaar het

Matt 11:25

Met alle opleidingsgeleenthede word 'n gasspreker genooi wat sy/haar kennis met die studente kom deel. Studente kry sodoende die geleentheid om waardevolle kennis elke jaar in verskillende opleidingsterreine op te doen. Buiten vir die kursusmateriaal en praatjies, moet elke student klasvoorbereiding doen. Hier word alle terreine van kinderontwikkeling in die student se klasgeevaardigheid gevorm en getoets. Die kleutertjies geniet hulle gate uit aan hierdie nuwe juffrouens se stories en speletjies.

Vir beide kwaliteit- en ondersteuningsdoeleindes, word heropleiding jaarliks vir alle Adullam-kleuter en graad nul-personeel gedoen. Elke opleidings-geleentheid is kosbaar.

Met Jesus as middelpunt, en haar hand stewig in die Leermeester s'n, kan elke vrou met hierdie kosbare roeping kindertjies na die Here Jesus toe lei.

*Indien u gedurende ons opleiding as gasspreker wil optree of graag u ondervinding met kindertjies met ons wil deel, kontak ons gerus!*

Crista Scholtz (089 292 4669)

# GELOOF IN AKSIE

## HULLE SAL VERSADIG WORD (Matteus 5:6)

**Geloof vra dat ons oorgaan in aksie!**

Elias Dhlamini is as sendeling deur Adullam Sending uitgestuur om die Woord van die Here in Emzinoni, Bethal te bring.

Onder Elias se leiding, het die Heilige Gees mense met 'n geestelike honger na Hom geroep.

Die aanvanklike groepie van elf mensies het vinnig gegroei na ongeveer veertig. Hierdie groep sluit volwassenes en kinders van verskillende ouderdomme en uit verskillende dele in Emzinoni in.

Omdat die ledetal steeds aangroei en die behoefte aan 'n meer sentrale plek vir byeenkomste ontstaan het, is daar besluit om 'n groter en veeldoelige gebou op te rig. Aan die begin van April het 'n werkspan 'n sinkgebou in Emzinoni opgerig.

So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood.
Jakobus 2:17



Die volgende doelwitte word met die nuwe geboutjie beoog:

- 'n Sentrale plek van samekoms waar individue geestelik bedien kan word dmv eredienste en bidure.

Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.
Matt 5:6

- 'n Sopkombuis waar geïdentifiseerde HIV/VIGS weeskinders van voedsel voorsien kan word. Hierdie bediening skep ook die geleentheid om die evangelie aan kindertjies te bring.
- As die Here wil: 'n kleuterskool wat die BLESS® kurrikulum sal volg (sien bladsy langsaan) .
- Bid asseblief vir Elias vir wysheid in sy bediening. Dank die Heer vir Sy wonderlike voorsiening en dat die Koninkryk steeds vir homself 'n pad sal oopbreek.

# HIDROPONIESE PROJEK

## DIT GAAN DUS NIE OM DIE EEN WAT PLANT OF DIE EEN WAT NATGOOI NIE, MAAR OM GOD WAT LAAT GROEI (1 Korintiërs 3:7)

**Die HERE seën ons onverdiend deur SY voorsiening met die uitbreiding van die hidroponiese projek.**

Ons is die Heer baie dankbaar dat Hy dit vir ons moontlik gemaak het om 'n tweede groot tonnel vir hidroponiese verbouing gereed te kry.

'n Span het 'n sloot rondom die tonnel gegrawe waarna die seil wat stuk-stuk oor die tonnel raamwerk getrek is, in die sloot vasgegooi en verstewig is.



FOTO BO

**Kobus en Tiaan trek die seil oor die 2de Groot Tonnel se flappe**



FOTO LINKS

**Johan en Kobus besig om die sloot rondom die 2de Groot Tonnel bo-oor die gebedde seile toe te gooi**

Nadat die tonnel heeltemal oorgetrek is en die seile bevestig is, is twee kantflappe oorgetrek en aan die tonnelstruktuur vasgesit (sien foto)

Die nuutoorgetrekte tonnel lyk soos 'n skip met sy seile styf gespan in die wind—gereed vir 'n nuwe uitdaging!



FOTO BO

**Die 2de Groot Tonnel is gereed vir hidroponiese verbouing**

# HIDROPONIESE PROJEK

## VERVOLG

Die verhittingsprojek vorder ook fluks en is besig om opgekoppel te word om beide groot tonnels in wintermaande te kan verhit.



FOTO BO

**Die verhitingsoond wat gedurende wintermaande beide tonnels sal kan verhit**

Intussen is die tamatieplantjies wat nie genoegsaam produseer nie, uit die netstruktuur verwyder. Die leë tamatieplantsakkies is voorberei vir die hidroponiese verbouing van blaarslaai.

Aan die begin van April is eenduisend vyfhonderd blaarslaaiplantjies binne die netstruktuur in sakkies geplant.

Ons prys die Heer
vir Sy Hand in die groei
van hierdie projek!



FOTO BO

**Binne die netstruktuur is blaarslaai vir hidroponiese verbouing, in plantsakkies geplant**

Bid asseblief saam met ons:

- vir arbeiders met 'n hart vir die werk
- teen plantsiektes en vir die nodige kennis om dit effektief te kan bestry
- dat die bestaande 3de en 4de tonnelstrukture vir produksie gereed gemaak kan word en
- dank die Heer vir Sy voorsiening vir die gereedmaking van die 2de groot tonnel.

# GROENTETUIN

## DIE GROND SAL GOEIE OESTE LEWER (Lev 25:19)

Buiten vir die Heer se getroue voorsiening in die hidroponiese projek, word ons daagliks van vars groente uit die drie Sending groentetuine voorsien.

Die opbrengs van die groentetuine sluit 'n verskeidenheid van groentesoorte waaronder spinasie, kool, wortels, uie en blaarslaai in.

Die hoofdoel van die groentetuine is hoofsaaklik om die Sendingkombuis (wat daagliks ± sestig permanente personeel en hul kinders, sowel as die sewe en sewentig koshuiskinders voed) van vars groente te voorsien.

**Julle moet My voorskrifte nakom en my bepalings gehoorsaam. As julle dit doen, sal julle sonder sorge in die land kan woon. Die grond sal goeie oeste lewer en julle sal oorgenoeg hê om te eet sodat julle sonder sorge in die land kan woon.**
**Levitikus 25:18-19**



**<u>FOTO BO</u>**
**Een van die drie groentetuine. Hierdie spesifieke tuin is agter die netstruktuur aangeplant.**

U laat gras uitspruit
vir die diere, en groen plante
vir die mens sodat hy sy kos
uit die aarde kan kry
Psalm 104:14

U laat hom heers oor die werke van U hande, U het alles aan hom onderwerp: skape en beeste, alles; selfs die diere in die veld, die voëls in die lug, en die visse in die see wat die oseane deurkruis. Here, ons Here, hoe wonderbaar is U Naam oor die hele aarde!
Psalm 8:7-10

# LÊ-HENNE

## HEERS OOR DIE WERKE VAN SY HANDE (Ps 8:7)

Ons dank die Heer wat dit vir ons moontlik gemaak het om honderd agt en negentig lê-henne te kon aankoop.

Die opbrengs van eierverkope sal DV vir die beoogde opgradering van kombuisfasiliteite aangewend word.

Bid asseblief dat die Heer

- die hoenders sal beskerm teen siektes
- beskerming teen die winterkoue wat voorlê
- 'n gevestigde mark vir verkope sal voorsien
- en vir gewillige werkers wat leiding met die hoenderboerdery kan neem.



**FOTO BO**

**Die nuwe hoenderhokke met lê-henne**

# GROOT- & KLEIN-VEE

Met die groot-en klein-vee-boerdery gaan dit goed. Daar is heelwat kalfies die afgelope tyd gebore. Lamtyd kom ook nou nader.

Bid asseblief dat die Heer

- die diere teen siektes sal beskerm
- die vee wagter wakker op sy pos sal hou
- wysheid en insig sal skenk aangaande uitbreiding van die boerdery aktiwiteite van die Sending

# ACA-KOSHUIS

## OMDAT SY FONDAMENT OP DIE ROTS WAS (Lukas 6:48)

**Elke bouprojek wat aangepak word, moet met wysheid en in afhanklikheid van die Boumeester aangepak word.**

Ons is baie opgewonde oor die vordering in die nuwe tweeverdieping koshuis gebou. Twee gesinne het aan die begin van die jaar hul intrek in die koshuis se kant-woonstelle geneem.

Ons loof die Here vir elke stukkie vordering!

Werkspanne werk beurtelings aan verskillende projekte in die koshuis.

Daar is ver gevorder met die afvoerstelsel en die elektrisiteit en teëlwerk is al klaar.

‘n Werkspan is tans besig om kaste in die koshuiskamers in te bou. Die volgende proses behels die herstel van ysterbeddens waarna hulle in die mure vasgebout sal word.



FOTO REGS:

Louis en Prince besig om ‘n kas in een van die nuwe koshuiskamers in te bou


Hy is soos ‘n man wat ‘n huis bou, wat gegrawe en diep ingegaan en die fondament op die rots gelê het; en toe die vloedwater kom en die stroom teen daardie huis losbreek, kon hy dit nie beweeg nie, omdat sy fondament op die rots was.
Lukas 6:48

# LERING IN DIE LIEFDE

## EN LIEFDE BETEKEN DAT ONS VOLGENS DIE GEBOOIE VAN GOD LEWE. SOOS JULLE VAN DIE BEGIN AF GEHOOR HET, IS DIT SY GEBOD DAT JULLE IN DIE LIEFDE MOET LEWE. (2 Johannes 1:6)

**‘n Jeuggroep van KwasiZabantu Sending wat die beweging “True Love Waits” verteenwoordig, beplan om die jeug op te roep om God se definisie van liefde en ’n heilige lewenswandel na te streef.**

Laat die
huwelik
in alle opsigte
eerbaar wees en die bed
onbesmet; want God sal
hoereerders en egbrekers
oordeel.
Heb 13:4



**Die huwelik is ‘n goddelike instelling.**

‘n Jeuggroep van KwasiZabantu Sending beplan om as die Here wil, by skole in die omgewing op te tree en God se plan van seksuele reinheid met die jongmense te deel. **True Love Waits –**

ware liefde wag …
op God se tyd en keuse
van ’n maat!

God se definisie van liefde is totaal **anders** as die media se verwarde definisie ten opsigte van:

verliefdheid = liefde. Wat ’n leuen!

Bid asseblief dat hierdie jeuggroep se bediening geseënd sal wees, dat jongmense se harte ontvanklik vir die Heilige Gees se vermaning sal wees en dat die volgende geslag nie in hulle ouers en leiers se voetspore sal volg nie, ... maar rein voor God sal kan staan!

Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig, is nie verwaand nie.
Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.
1 Korintiërs 13:4-7

# BID VIR MEKAAR

EN AS JULLE GELOWIG BID, SAL DIT VIR DIE SIEKE GENESING BRING: DIE HERE SAL HOM GESOND MAAK. AS HY GESONDIG HET, SAL DIT HOM VERGEWE WORD.

BELY JULLE SONDES EERLIK TEENOOR MEKAAR EN BID VIR MEKAAR, SODAT JULLE GESOND KAN WORD.

DIE GEBED VAN 'N GELOWIGE HET 'N KRAGTIGE UITWERKING.

... My broers, as een van julle van die waarheid afdwaal en iemand sou hom terugbring, weet dan dat hy wat 'n sondaar van sy dwaalweg terugbring, hom uit die dood red en maak dat 'n menigte sondes vergewe word.

Jakobus 5:15-16,19-20

# PAASKONFERENSIE

## DIE HEMEL IS GESKEUR! (Markus 1:10)

**Ons jaarlikse Paaskonferensie vanaf 20 - 23 Maart 2008, was baie geseënd.**

Die tema van die Konferensie "Die Hemel is Geskeur!" is na aanleiding van Markus 1:10 wat sê:

"*Net toe Hy uit die water kom, het Hy die hemel sien oopskeur en die Gees soos 'n duif na Hom toe sien neerdaal".*


Genooide sprekers uit die Sendingveld was:

**Gert van Rensburg**
Langplaas buite Brits

**Albu van Eeden**
KwasiZabantu Sending

**George Oesch**
Malmesbury Sending

**John Powies**
Malalaan



Ons nooi u om 'n kopie van die Paaskonferensie dienste te bestel.

U is welkom om ekstra kopieë te bestel en die evangelie boodskap so verder te versprei!

## OPNAMES VAN DIENSTE

**Alle Paaskonferensie dienste is opgeneem en kan teen R10.00 per diens in CD formaat**

bestel

**word.**

**Alternatiewelik kan u al die dienste in MP3 formaat ook teen R10.00 bestel.**

**Kontak Leon Coetzee vir besonderhede**

082 397 5730

# GEBEDSVERSOEKE

## DIE VURIGE GEBED VAN 'N REGVERDIGE HET GROOT KRAG (Jakobus 5:16b)

**Bid asseblief saam met ons vir die volgende sake :**

- Die redding van verlore siele
- Ons buurland Zimbabwe. Dat die Here sal ingryp en dat Christene steeds nader aan God sal bly groei
- Ons eie land
- DAT DIE HEER MENSE SAL OPROEP OM (WAAR NOOD IS) IN DIE SENDING TE KOM DIEN—EN DAT GEROEPENES GEHOORSAAM OP SY ROEPSTEM SAL REAGEER.
- Sendingpare en enkelinge wat uitgestuur is
- Persoonlike verdieping in die harte van elke wedergebore Christen wat werksaam in die Koninkryk van God is
- Goddelike wysheid en insig in die wil van ons Heer Jesus
- Dat die Heer elke geredde persoon as instrument tot Sy eer kan gebruik -

**Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe, want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer. Doen alles sonder kla of teëpraat. Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van God te midde van ontaarde en korrupte mense. Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld, deur die Woord van die Lewe uit te dra.**

**Filippense 2:12-16**

# DANKIE!

**Adullam Sending sê hiermee baie dankie aan elke individu wat 'n hart vir die Werk van die Heer Jesus het en deel van ons span vorm deur u bydraes … in watter vorm ook al!**

Ons waardeer elke bydrae van elke individu—baie dankie vir:

- Gebede
- Verskaffing van personeel
- Verskaffing van masjinerie
- U tyd
- Finansiele ondersteuning
- En algemene ondersteuning op alle terreine van die Sending

Ons waardeer dit!



Posbus 395 Evander 2280 Tydelike Nommer: 083 992 4448 adullamaca@secunda.co.za